2015 TEMA-AANKONDIGING

"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Maak Onderrig Veilig vir Almal!"

Die jaar 2015 merk die 24ste jaar van die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog, begin in 1991 en gekoördineer deur die 'Center for Women's Global Leadership'. Deelname aan die Veldtog sluit in meer as 5,478 organisasies, beleidmakers, regerings, VN agentskappe, en tallose individue van meer as 180 lande wêreldwyd. Saam het ons aandag gevestig op kwessies van rassisme, seksisme, kulture van geweld, homofobie en het oproep gemaak vir die implementering van menseregteverpligtinge – insluitend die reg tot gesondheid en reproduktiewe regte – en 'n einde aan militarisme en geslagsgebaseerde geweld, onder andere. Die sterkte en lewensduur van die Veldtog is te danke aan hierdie duisende deelnemers soos jy.

Hierdie jaar fokus die 16 Dae Veldtog spesifiek op die verhouding tussen militarisme en die reg tot onderrig in gevalle van geweldadige konflik, in betreklike vrede, en 'n verskeidenheid van onderrigomgewings, asook die verband met militarisme as 'n omvattende patriargale stelsel van diskriminasie en ongelykheid gebaseer op ons verhoudings tot mag.

Onderrig is in die publieke belang en 'n fundamentele mensereg erken in Artikel 26 van die 1948 Universele Deklarasie van Menseregte en word gehandhaaf in verskeie streeks- en internasionale menseregtekonvensies en verdrae. Nogtans is die reg tot onderrig onderworpe aan politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge en omverwerpings wat sekere groepe (veral vroue, meisies, mense met gestremdhede, LGBTQI mense, trekkers/swerwers en inheemse mense) veral kwesbaar en oop laat om die reg tot hierdie kritieke mensereg ontneem te word. Onlangse data wys dat ongeveer 38 miljoen mense[1] wêreldwyd intern verplaas word; 16.7 miljoen is vlugtelinge.[2] Meisies en jong vroue in besonder word die meeste nadelig geraak deur onveiligheid en krisis, met die mees onlangse ramings wat aandui dat 31 miljoen meisies op primêre vlak en 34 miljoen op laer sekondêre vlak nie vir skool ingeskryf is nie[3], en 15 miljoen meisies en 10 miljoen seuns sal nooit die binnekant van 'n klaskamer sien nie.[4] Soveel as 58 miljoen kinders van primêre skoolgaande ouderdom het nie toegang tot onderrig nie; ongeveer helfte van hierdie (28.5 miljoen) leef in konflikareas.

Beskerming van die reg tot onderrig in konflikomgewings berus by nasionale regerings en die internasionale gemeenskap se reaksie en verbintenis, wat dikwels moeilik is om te kry.[5] Die reg tot onderrig word te dikwels geraak deur swak infrastruktuur, insluitend: onveilige en onhigiëniese opvoedkundige omgewings, onvoldoende kurrikulums wat nie geslagsensitief is nie en wat steeds omskryf word binne die stereotipiese patriargale idees van geslag; beperkte voorsiening van bronne vir die lewering van of toegang tot onderrig. In 2014 het globale militêre besteding gestaan op $1.8 triljoen[6], terwyl kenners 'n finansieringsgaping van $26 biljoen genoem het om basiese onderrig te bereik teen einde 2015.[7] Kinders en jongmense van alle geslagte kan verdere benadeling in die gesig staar weens gestremdheid, ras/etniese oorsprong, ekonomiese moeilikhede en verpligtinge op hulle gewerp deur families en die situasie waarin baie hulleself bevind, of dit weens tye van geweldadige konflik, na 'n omgewingsramp of gedurende tye van relatiewe vrede is.[8] Die nadele ervaar deur meisies is veral hewig: meisies en jong vroue staan voor die skim van 'n vroeë of geforseerde huwelik wat hulle onderrig kan kortknip; die bedreiging van verskillende vorme van skoolverwante geslagsgebaseerde geweld, insluitend seksuele geweld en mishandeling op pad na of binne opvoedkundige omgewings; en diskriminasie in beskikbaarheid van nodige infrastruktuur soos voldoende en veilig toeganklike sanitêre fasiliteite. Dus kies baie families om meisies en jong vroue uit skole te hou en verhoed hulle om hul onderrig voort te sit.[9]

In die gesig van sulke gebrek aan veiligheid in verband tot onderrig, en ingelig deur die resultate van 'n globale opname uitgevoer vroeër hierdie jaar, is die globale tema vir die 16 Dae Veldtog **"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Maak Onderrig Veilig vir Almal"**. Hierdie tema erken die uiterste situasie vir miljoene meisies en seuns, en jong vroue en mans wie se universele mensereg tot onderrig daagliks geraak of kortgeknip word weens geweld, gebrek aan hulpbronne, en diskriminasie. Dis ons verpligting om te fokus op die wisselvallige situasie van onderrig vir meisies en seuns, jong vroue en mans gedurende hierdie jaar se 16 Dae Veldtog.

Onder hierdie globale tema, **vra die 16 Dae Veldtog jou om aan te sluit by die bevordering van die reg tot opvoeding en die opstand teen geweld, diskriminasie en ongelykheid in onderrig by die kruispunt van geslag, ras of etnisiteit, geloof, werklike of vermeende seksuele oriëntering, sosio-ekonomiese status en ander sosiale identifiseerders.** Jy kan begin dink oor hoe areas en toegang tot onderrig lyk in jou gemeenskap, land of streek. Wanneer jy jou deelname beplan, dink hoe militarisme onderrig beïnvloed in tye van vrede, konflik, in vlugtelingkampe, in inheemse gebiede, in skole en ander opvoedkundige omgewings, of selfs op straat. Dink hoe geweld en verhoogde militarisme die onderrig van jongmense beïnvloed in lande wat onlangs verskillende soorte gewapende konflik ervaar het; hoe ekstremisme deur Staat en nie-Staat beleide en praktyke die reg tot onderrig beïnvloed, veral vir meisies; en hoe staatbesteding op wapens en ander prioriteite van militarisasie die toon stel vir befondsing van veilige, toeganklike opvoeding vir almal.

Wat is ander voorbeelde van kwessies wat deelnemers aan die 16 Dae Veldtog kan aanspreek?

- Onderrig en geslag geregtigheid: nagevolge van strukturele diskriminasie vir vroue en meisies
- Vroue se rol in vredesonderhandelinge, vredebou, diplomasie en besluitnemende posisies
- Geweld met kleingewere in gemeenskappe en skole en rol van kleingewere in intieme lewensgenoot geweld
- Globale produksie en verkope van wapens en verhoogde militarisme vs. ondersteuning vir openbare gesondheid, onderrig en ander sosiale belange
- Geweld gepleeg deur Staat en nie-Staat rolspelers in skole en ander plekke wat die reg tot onderrig beïnvloed
- Ongestrafde seksuele geweld teenoor skoolkinders en jongmense
- Weiering van onderrig aan meisies gestigmatiseer deur seksuele geweld
- Kwesbaarheid van meisies en seuns, jong vroue en jong mans om onderrig ontken te word in vlugtelingkampe
- Omgewingsbesoedeling deur militêre operasies en die nagevolge vir gemeenskappe, insluitend maatskaplike dienste
- Teenwoordigheid van gemilitariseerde polisiemagte in gemeenskaplike instellings (skole, publieke areas ens.)
- Seksuele aanranding in akademiese en ander opvoedkundige omgewings

HULPBRONNE VIR 2015

CWGL is in die proses om hulpbronne en veldtogmateriaal te ontwikkel wat nuttige agtergrond rakende die tema en voorstelle vir beplanning van veldtogaktiwiteite sal verskaf.

CWGL sal hierdie hulpbronne op die 16 Dae Veldtog webblad publiseer in die maande voor die veldtog. Jy kan ook skryf aan die 16 Dae Veldtog (16days@cwgl.rutgers.edu) om uitdrukke van hierdie materiale aan te vra. Deelnemers kan ons webblad besoek (http://16days.cwgl.rutgers.edu) om die Neem Aksie Pak af te laai of om 'n uitdruk aan te vra sodra dit beskikbaar is.

Sluit aan by die 16 Dae Veldtog!

Die 16 Dae Veldtog is oop aan deelnemers wat aksie neem rakende hierdie kwessies op wyses wat relevant is tot hulle spesifieke konteks. Deelnemers weet waarmee en met wie hulle betrokke kan raak – hulle regerings of gemeenskappe – om in 'n positiewe wyse op te staan teen die strukture wat geslagsgebaseerde geweld laat voortbestaan en dit te verander. Skep of sluit aan by 'n gemeenskap-, kampus-, nasionale of internasionale aktiwiteit! Vra veldtogmateriaal aan, sluit aan by die 16 Dae listserv, en gebruik vorige Internasionale Kalenders Aktiwiteite (beskikbaar aanlyn) vir idees of om inligting oor groepe in jou area te kry. Gebruik **#16Days** op sosiale media!

Deel jou planne!

Soos November naderkom, onthou om jou planne aan CWGL te stuur vir publikasie op die 2015 Internasionale Veldtog Kalender om deel te word van die globale 16 Dae Veldtog beweging. Die Internasionale Veldtog Kalender kan gevind word by http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar.

Gaan kyk na die webblad!

As jy meer inligting soek rakende die internasionale 16 Dae Veldtog, besoek asseblief die webblad http://www.cwgl.rutgers.edu/16days/home.html. Foto's van vorige 16 Dae Veldtogte is op Flickr by https://www.flickr.com/photos/16dayscampaign.

Word deel van die 16 Dae e-pos lys!

Word deel van die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld e-pos listserv, wat 'n spasie skep vir aktiviste om werk teen geweld te deel, vennootskappe te bou met ander wêreldwyd en om strategieë en temas vir die 16 Dae Veldtog te ontwikkel. Sluit aan by https://email.rutgers.edu/mailman/listinfo/16days_discussion.

RAKENDE DIE 16 DAE VELDTOG

Sedert stigting in 1991, is die 'Center for Women's Global Leadership' die globale koördineerder van die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog. Vir die afgelope 24 jaar is die 16 Dae Veldtog toegewei aan advokaatskap en koördinering van werk ter ondersteuning van 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke. Die datums 25 November (Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue) en 10 Desember (Menseregtedag) is gekies om die verband tussen 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld en menseregteprinsiepe te beklemtoon, en om uit te lig dat geslagsgebaseerde geweld 'n skending van internasionale menseregte is. Die 16 Dae Veldtog word gebruik as 'n organiserende strategie vir oproep tot die eliminering van alle vorme van geslagsgebaseerde geweld by individue, groepe en instansies regoor die wêreld.

Bly In Verbinding!

16 Dae Webblad: http://16dayscwgl.rutgers.edu
E-pos: 16days@cwgl.rutgers.edu
Internasionale Veldtog Kalender: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar
Flickr: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign
Facebook: http://www.facebook.com/16DaysCampaign
Twitter: @16DaysCampaign

[1] Norwegian Refugee Council. *Global Overview 2015: People internally displaced by conflict and violence.* May 2015. http://www.internal-displacement.org/assets/library/Media/201505-Global-Overview-2015/20150506-global-overview-2015-en.pdf
[2] Internal Displacement Monitoring Center. *Global Figures*. May 2015. http://www.internal-displacement.org/global-figures
[3] UNESCO Institute for Statistics. *Gender and Education*. http://www.uis.unesco.org/Education/Pages/gender-education.aspx
[4] Education for All Global Monitoring Report (GMR) and UNESCO Institute for Statistics. Policy Paper 14/Fact Sheet 28. *Progress in getting all children to school stalls but some countries show the way forward* June 2014. http://unesdoc.unesco.org/images/0022/002281/228184E.pdf
[5] Education for All Global Monitoring Report (GMR). Policy Paper 13. *Aid reductions threaten education goals*. June 2014. http://unesdoc.unesco.org/images/0022/002280/228057E.pdf
[6] Stockholm International Peace Research Institute. *Trends in world military expenditure, 2014 SIPRI Fact Sheet*. http://www.sipri.org/media/pressreleases/2015/milex-april-2015
[7] Education for All Global Monitoring Report. Policy Paper 06. *Making Education for All Affordable by 2015 and beyond*. February 2013. http://unesdoc.unesco.org/images/0021/002199/219998E.pdf
[8] Education for All Global Monitoring Report, Policy Paper 10. *Children still battling to go to school*. July 2013. http://unesdoc.unesco.org/images/0022/002216/221668E.pdf
[9] UNICEF. *Shattered Lives: Challenges and Priorities for Syrian Refugee Children and Women in Jordan*. June 2013. http://www.unicef.org/mena/MENA-Shattered_Lives_June11.pdf